

22 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 12:22-50
Fokusgedeelte: Matteus 12:22-50

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor

Jy moet versigtig wees waarom jy praat, want dit waarom jy praat, kom vanuit jou hart. As jou hart vol negatiewe gedagtes is, is dít waarom jy praat, negatief. As jou hart vol van dankbaarheid en geloof is, dan is dít waarom jy praat.

Om Jesus Christus lief te hê, is om van Hom te getuig. Ongelowige mense is besig om negatief oor die evangelie en van die evangelie te praat. Jesus Christus word deur die Fariseërs beskuldig dat Hy duiwels met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die duiwels, uitdryf. Jesus waarsku hulle egter dat hulle woorde die gevolg is van die sonde in hulle harte.

Daarom sê Jesus dat die sonde teen die Heilige Gees nie vergewe kan word nie. Wat is die sonde teen die Heilige Gees? Om teen Christus te praat, kon vergewe word terwyl Hy op aarde was. Maar toe die Heilige Gees uitgestort is as bevestiging dat Jesus die Christus is, was dit om die getuienis van die Heilige Gees te verwerp. Dit is sonde teen die Heilige Gees. Daarom getuig Jesus self dat elke sonde vergewe kan word, maar nie die lastering teen die Heilige Gees nie.

Vul daarom jou hart met die evangelie. Leef uit die rykdom van sy Woord. Dan is daar nie plek vir dwaasheid in jou lewe nie. Dan lei die Gees jou deur die Woord om van harte te getuig, Jesus Christus leef en ek leef saam met Hom.

Sing: Skrifberyming 14:1, 2

Ds. GS Kruger (Centurion)